



NUWE JERUSALEM

Kerke wêreldwyd

Pastoor Tony Alamo

Die Alamo Christennasie

Volume 17700

HEMELENGELE SWEEF OOR ONS PLANEET

deur **Tony Alamo**

“Die waens van GOD is twintigduisend, selfs duisende engele; die HERE is onder hulle” (Psalm 68:17). Dit is baie duidelik dat die waens van GOD vandag se vlieënde pierings is, wat as VVV’s bekend staan. Hulle is nie van ’n ander planeet nie, maar hulle is die engele van GOD, wat vir eeue lank die aarde bewaak het teen misdade teenoor die wet van GOD en teen die erfgename van saligheid.¹

Hebreeërs 1:10-14 lui: “en U, o HERE, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van U hande. Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos ’n kleed verslyt, en soos ’n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en U jare het geen einde nie. En aan watter een van die engele het HY ooit gesê: Sit aan MY regterhand [soos HY net vir CHRISTUS gesê het] totdat EK U vyande gemaak het ’n voetbank van U voete? Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?”

As dit nie vir die waens van GOD was nie (wat die meeste mense VVV’s noem), hoe sou GOD se dienende geeste in staat wees om al die goeie dade van die heiliges en die korrupsie wat in die sondige



Tony en Susan Alamo se orkes en koor op hul televisieprogram in die 1970’s en vroeë 80’s.

vier-en-twintig ure van elke dag op die aarde gedoen word, te monitor? Hoe sal GOD weet, selfs al is HY ’n alwetende GOD, watter engele HY moet uitstuur en wanneer om hulle uit te stuur om die heiliges te seën en om die goddelose te waarsku, te straf of te vernietig?

Byvoorbeeld, in Genesis 32:12 het GOD vir Jakob, wat HY later Israel genoem het, gesê: “Ek sal sekerlik aan jou goed doen en jou nageslag maak soos die sand van die see wat vanweë die menigte nie getel kan word nie.” Tog het GOD geweet wat in Koning Dawid se gedagtes was toe die koning besluit het om al die kinders van Israel te tel. Dit is hoe dit begin het. 1 Kronieke 21:1-2 lui: “Toe het Satan teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel [wat GOD

gesê het nie getel kan word nie, want hulle is ontelbaar (Heb. 11:12)]. En Dawid het aan Joab en die owerstes [die leiers] van die volk gesê: Gaan tel Israel van Berseba tot Dan, en bring vir my berig, dat ek hulle getal kan weet.” Deur vir Satan te luister, is Koning Dawid in sy hart gelei, net soos Eva in haar hart gelei is, om in hulle harte te sê: “Ek sal wees soos die ALLERHOOGSTE GOD, en ek sal die getal weet net soos GOD die getal weet.” As GOD so kwaad was vir Eva en Adam

omdat hulle nie vir HOM geluister of gehoorsaam was aan HOM nie dat HY elke siel wat ooit op die aarde sal leef met die dood, Hel, en ’n ewigheid in die Poel van Vuur vervloek het, waarom sou GOD vir Dawid toelaat om weg te kom met sulke ongehoorsaamheid en sondigheid omdat hy na Satan geluister het en gehoorsaam was aan Satan se bevel?² GOD is geen aannemer van die persoon nie.³ As HY vir Adam en Eva vervloek het vir hulle ongehoorsaamheid aan HOM, en as HY vir Koning Dawid, SY oogappel, vervloek het vir sy ongehoorsaamheid aan HOM, sal HY my en jou en enigiemand anders ook vervloek vir ongehoorsaamheid aan HOM.⁴

(Vervolg op bladsy 2)

¹ Gen. 18:20-22, 19:1-25, Num. 22:21-35, 2 Sam. 24:10-16, 2 Kon. 6:8-17, 2 Kron. 20:1-29, 32:1-22, Ps. 34:7, 35:4-5, 68:17, Dan. 6:21-22, Sag. 1:7-21, 2:1-5, hfst. 4, Matt. 28:1-7, Hand. 5:17-24, 12:1-12, 21-23, Op. 7:1-2, hfst. 8, 9:1-5, 13-21, 14:6-11, 15-20, 15:1, 5-8, hfst. 16, 18:1-6, 21, 19:17-18, 20:1-3 ² Gen. 2:16-17, 3:1-19, Rom. 5:12-18, 1 Kor. 15:22, 47 ³ Lev. 19:15, Deut. 1:17, 16:19, 1 Sam. 26:23, 1 Kon. 8:32, 2 Kron. 6:23, 19:7, Ps. 9:8, Spr. 24:23, 28:21, Jes. 45:21, Hand. 10:34, Rom. 2:11, Ef. 6:9, Kol. 3:25, Jak. 2:1-10, 1 Pet. 1:17, Op. 15:3 ⁴ Gen. 3:1-19, Eks. 23:20-21, Deut. 11:26-28, 28:61-63, 1 Sam. 12:14-15, 15:22-23, 2 Sam. hfst. 11, 12:1-23, Job 36:7-12, Jer. 12:16-17, 18:9-10, Rom. 2:5-13, 6:12-16, Ef. 5:3-6, 2 Thes. 1:7-9, Heb. 2:1-4

HEMELENGELE SWEEF OOR ONS PLANEET

(Vervolg vanaf bladsy 1)

Nadat Dawid vir Joab beveel het om die mense van Israel te tel, het Joab Dawid geantwoord en gesê: “Mag die HERE by sy volk honderd maal meer byvoeg as wat hulle is; hulle is tog almal, my heer koning, my heer se dienaars. Waarom verlang my heer dit? Waarom moet Israel skuldig word? Maar die woord van die koning het die oorhand gehad oor Joab, en Joab het uitgetrek en die hele Israel deurgetrek en in Jerusalem aangekom. En Joab het die getal van die volkstelling aan Dawid gegee; en die hele Israel was ‘n duisend duisend en ‘n honderd duisend [1,100,000] man wat die swaard uittrek, en Juda vierhonderden-sewentigduisend [470,000] man wat die swaard uittrek. Maar Levi en Benjamin het hy nie onder hulle getel nie, want die woord van die koning was vir Joab ‘n gruwel [net soos dit vir GOD was].

“En hierdie saak was verkeerd in die oë van GOD; daarom het HY Israel swaar getref. Toe sê Dawid tot GOD: Ek het swaar gesondig, dat ek hierdie ding gedoen het; maar vergeef tog nou die skuld van U kneg, want ek het baie gesondig. En die HERE het met Gad, die siener [profeet] van Dawid, gespreek en gesê: Gaan heen en spreek met Dawid en sê: So spreek die HERE: Drie dinge [drie vloeke – kies een] lê Ek jou voor; kies vir jou een daaruit, dat Ek dit aan jou kan doen. Toe kom Gad by Dawid en sê vir hom: So spreek die HERE: Kies vir jou óf drie jaar lank hongersnood, óf om drie maande lank om te kom vanweë jou teëstanders deurdat die swaard van jou vyande *jou* inhaal, óf drie dae lank die swaarde van die HERE, naamlik pes in die land deur die engel van die HERE verderf aanrig in die hele grondgebied van Israel; oorweeg dan nou watter antwoord ek moet gee vir HOM wat my gestuur het. Daarop sê Dawid vir Gad: Ek is baie benoud; laat my tog in die hand van die HERE val, want SY barmhartighede is baie groot, maar laat my in die hand van mense nie val nie.

“En die HERE het ‘n pes onder

Israel beskik, en van Israel het daar sewentigduisend man geval. En GOD het ‘n ENGEL [een vlieënde piering bemandeur net een ENGEL] na Jerusalem gestuur om dit te verwoes; en terwyl hy [die ENGEL] dit verwoes, het die HERE dit gesien, en dit het HOM berou oor die onheil, en HY het aan [die Bewaker] die ENGEL wat die verwoesting moes aanrig, gesê: Genoeg, trek nou jou hand terug! En [die Bewaker] die ENGEL van die HERE het by die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet, gestaan. Toe Dawid sy oë opslaan, sien hy die ENGEL van die HERE [‘n Bewaker] staan tussen die aarde en die Hemel met sy ontblote swaard in sy hand oor Jerusalem uitgestrek.

“Daarop val Dawid en die oudstes, met rouklere bedek [dit beteken hulle het gevas], op hulle aangesig. En Dawid sê tot GOD: Is dit nie ék wat beveel het om die volk te tel nie? Ja, dit is ek wat gesondig en baie verkeerd gehandel het; maar hierdie skape, wat het hulle gedoen? HERE, my GOD, laat U hand tog teen my en my familie wees, maar nie as ‘n plaag teen U volk nie. Daarop gee die ENGEL van die HERE bevel aan Gad [die profeet] om aan Dawid te sê dat Dawid moet opgaan om vir die HERE ‘n altaar op te rig op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet. En Dawid het opgegaan volgens die woord van Gad wat hy in die Naam van die HERE gespreek het.

“Toe Ornan hom omdraai, sien hy die ENGEL; en sy vier seuns wat by hom was, het hulle weggesteek [net soos mense vandag doen wanneer hulle vlieënde pierings, VVV’s, die ENGELE van GOD, sien wat bokant hulle sweef; hulle is nie van ‘n ander planeet af nie, maar van die Hemele!]; Ornan het

koring gedors. Toe Dawid by Ornan kom, het Ornan opgekyk en Dawid gesien, en hy het van die dorsvloer uitgegaan en hom voor Dawid met sy aangesig na die aarde gebuig [toe Ornan die ENGEL sien en toe vir Dawid, het hy ‘n sterk konneksie tussen die ENGEL en Dawid gevoel. Ornan was bang, en het voor Dawid gebuig]. Daarop sê Dawid vir Ornan: Gee aan my die plek van die dorsvloer, dat ek daarop vir die HERE ‘n altaar kan bou; gee dit aan my vir die volle geld, sodat die plaag van die volk afgewend kan word. Maar Ornan sê vir Dawid: Neem dit vir U en laat my heer die koning doen wat goed is in sy oë; kyk, ek gee die beste as brandoffers en die slee as hout en die koring as ‘n spysoffer; ek gee dit alles. Maar koning Dawid het vir Ornan gesê: Nee, maar ek wil dit verseker koop vir die volle bedrag; want ek wil nie wat aan jou behoort, vir die HERE neem, dat ek verniet ‘n brandoffer sou bring nie. En Dawid het vir die plek seshonderd sikkels goud in gewig aan Ornan gegee. En Dawid het daar vir die HERE ‘n altaar gebou en brandoffers en dankoffers gebring. Onderwyl hy die HERE aanroep, het HY [GOD] hom met vuur uit die Hemel op die brandofferaltaar geantwoord. En die HERE het die ENGEL beveel om sy swaard weer in die skede te steek.

“In dié tyd, toe Dawid sien dat die HERE hom geantwoord het op die dorsvloer van Ornan, die Jebusiet, het hy daar geoffer; want die tabernakel van die HERE wat Moses in die woestyn gemaak het, en die brandofferaltaar was in dié tyd op die hoogte in Gibeon. En Dawid het nie daarvoor durf verskyn om GOD te soek nie, want hy was verskrik

Malawi

Liewe Geliefdes in Christus

Wees gegroet in die Here. Ek wil julle graag inlig dat die pakkie wat julle gestuur het, op die regte tyd hier aangekom het. Ons het dit versprei by Mthandzi-opleidingsentrum waar baie mense Jesus as hulle Here aangeneem het. Amen.

Ons versoek is dat julle nie moet huiwer om nog Bybels, *Messiah*-boeke en nuusbriewe vir verspreiding, asook T-hemde vir ons spanlede te stuur nie.

Ons bid altyd vir Pastoor Alamo en die bediening vir die situasie waardeur julle gaan.

Met liefde in die Here
Evince Nauliya

Limbe, Malawi

vanweë die swaard van die ENGEL van die HERE.” (1 Kronieke 21:3-30). Daar is baie ander verse wat wys dat GOD SY engele gebruik om te vervloek en te vernietig.⁵

Die ou profeet Nahum beskryf vandag se snelweë en motorvoertuie op die enigste manier wat hy ken. Nahum 2:4 lui: “Langs die paaie raas die strydwaens, hulle jaag rond oor die vlaktes; hulle voorkoms is soos fakkels, soos bliksemstrale skiet hulle heen en weer.” Hierdie is eindtyd profesieë van motorvoertuie en snelweë.

Daar is geen lewe op enige ander planeet nie, op enige ander skepping van GOD nie. Daarom is dit absoluut belaglik en verregaande om te dink dat die vlieënde pierings en VVV's van 'n ander planeet af kom. Hulle is van die Hemel af.

Meer as alles, GOD wil geglo word,

5 Gen. 19:1-25, Num. 22:1-35, 25:1-9, 2 Sam. 24:1-17, 2 Kon. 19:35, 1 Kron. 21:9-30, 2 Kron. 32:19-22, Op. 7:1-2, hfst. 8, 9:1-5, 13-21, 14:8-11, 15-20, hfst. 16, 18:1-2, 21, 19:17-21, 20:1-3, 21:9

Indië

Geliefde broers en susters in Christus

Heilige groete aan julle. Ons het vandag julle wonderlike literatuur ontvang. Ons is so bly want foto's van my doopdiens is ook in julle nuusbrief!

Deur julle gebedsondersteuning het ons baie suksesvolle Evangeliebyeenkomste op 4, 5 en 6 Maart gehou. Ek wil ook foto's stuur. Tydens daardie byeenkomste het ons die mag van God en Sy majesteit verkondig. In daardie byeenkomste het so baie Hindoe-mense God se plan vir saligmaking ontvang.

Ons almal hier bid vir Pastoor Tony se gesondheid en julle bedieninge. Mag God julle seën.

Julle broer in Christus

Solman Raju Kola

Andhra Pradesh, Indië

en HY weet jy glo HOM nie wanneer jy SY gebooie oortree nie. Dit is wat GOD sê in verband met SY Hemel en SY aarde. In Genesis 1:14-15, “En GOD het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitpansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye as vir seisoene [vir hier op aarde, nie op enige ander planeet nie], asook vir dae sowel as jare [weereens, slegs vir die planeet Aarde]. Laat hulle ook dien as ligte aan die uitpansel van die hemel om lig te gee op die AARDE [nie op Mars, Jupiter, Mercurius, of enige ander planeet nie]. En dit was so.” Moenie dink dat jy die korrupsie en geweld wat nou plaasvind en wat gaan vererger op wat jy “moeder aarde” noem, gaan ontsnap nie. Moenie dink jy gaan op een of ander planeet bly nie, want lewe is nie volhoubaar op enige ander plek nie. Jy sal nie vrede op aarde vind nie, want ons is korrupte mense, en sonder die HERE in ons harte, sal ons altyd korrup wees. Kry dit ook uit julle koppe dat hierdie

VVV's, die vlieënde pierings, die BEWAKERS, die ENGELE, van een of ander planeet af kom. As jy so 'n dwaling glo, het GOD alreeds vir jou sterk misvatting gestuur soos HY in 2 Thessalonisense 2:8-12 sê: “en dan sal die ongeregtige geopenbaar word [die duiwel, Satan, die Antichris], hy wat die HERE met die ASEM van SY mond sal verdelg en deur die verskyning van SY wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade [alle swak en armsalige Satanistiese mag] en tekens en wonders van die leuen [leuens soos die een dat ENGELE of VVV's van ander planeete af kom, en dat daar lewe op ander planeete

is, en dat jy in staat sal wees om op 'n ander planeet van die bese korrupsie van hierdie aarde te ontsnap] en met allerhande verleiding [om te sê dat huwelike van dieselfde geslag in die haak is, aborsie, eerstegraadse moord is in die haak,⁶ lesbinisme en homoseksualiteit is in die haak,⁷ egbreuk⁸ en owerspel is in die haak,⁹ bedwelming met alkohol of dwelmmiddels is in die haak,¹⁰ komedie is in die haak,¹¹ steel¹² en godslastering is in die haak,¹³ om nie die HERE jou GOD met jou hele hart, siel, verstand en krag lief te hê nie, is in die haak,¹⁴ om nie die HERE te dien nie, is in die haak, en gierigheid is in die haak¹⁵] van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal GOD hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo [in leuen soos die een dat VVV's van 'n ander planeet af kom, asof daar lewe op ander planeete is], sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.”

Kom ons gaan terug na Genesis 1: “GOD het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag [die son] en die klein lig om te heers oor die nag [die maan]; ook die sterre. En GOD het hulle aan die uitpansel van die Hemel gestel om lig te gee op DIE AARDE [nie op enige ander planeet nie]. En om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. Toe sien GOD dat dit goed was” (Genesis 1:16-18).

Wat glo jy nou? Glo jy wat goed is of glo jy wat sleg is? Glo jy dat GOD ons uit die stof van die aarde gemaak het, of glo jy die wetenskaplikes? Glo jy in GOD of in die radiokoolstofdateringsmasjiene?

(Vervolg op bladsy 4)

6 Gen. 9:5-6, Eks. 20:13, 21:12-15, 22-23, Lev. 24:17, Num. 35:16-21, 30-33, Deut. 5:17, 27:24-25, Ps. 139:13-16, Spr. 1:10-16, 6:16-18, Jer. 1:5, Matt. 19:18, Mark. 10:19, Luk. 18:20, Rom. 13:9, Gal. 5:19-21, 1 Tim. 1:9-10, Jak. 2:11, 1 Joh. 3:15, Op. 9:20-21, 21:8, 22:14-15 7 Gen. 19:1-13, 24-25, Lev. 18:22, 20:13, Deut. 22:5, 23:17, Rig. 19:22-25, Rom. 1:20-32, 1 Kor. 6:9-10, 1 Tim. 1:9-10, 2 Tim. 3:1-5, Jud. 7 8 Eks. 20:14, Lev. 18:20, 20:10, Deut. 5:18, 22-24, 1 Kon. 14:24, 15:11-12, Spr. 6:29, 32-33, Jer. 5:8-9, Eseg. 18:10-13, 22:11, Mal. 3:5, Matt. 5:27-28, 15:19-20, 19:18, Mark. 7:21-23, Luk. 18:20, Rom. 13:9, 1 Kor. 6:9-10, Jak. 2:10-12 9 1 Kor. 5:9-11, 6:9-10, 13-18, 7:2, 10:7-8, 2 Kor. 12:21, Ef. 5:3, Kol. 3:5-6, 1 Thes. 4:3-5, Jud. 7, Op. 2:14, 20-22, 9:20-21 10 Deut. 21:20-21, Spr. 23:21, 29-35, 31:4-5, Jes. 5:11, 22-23, 28:1-4, Nah. 1:9-10, Luk. 21:33-36, Rom. 13:12-14, 1 Kor. 5:10-12, 6:9-10, Gal. 5:19-23, 1 Thes. 5:6-8, 1 Tim. 3:8-9, Tit. 1:7-9, 2:1-5, 1 Pet. 4:1-5, 2 Pet. 1:5-8 11 Pred. 2:1-3, 7:2-6, Matt. 12:36, Ef. 5:3-4, 1 Tim. 2:9-10, 15, Tit. 2:1-8, 12, 1 Pet. 1:13-16, 4:7, 5:8 12 Eks. 20:15, 22:1-4, Lev. 19:11, 13, Deut. 5:19, Sag. 5:3, Mat. 15:19-20, 19:18, Mark. 7:21-23, Luk. 18:20, 19:45-46, Rom. 13:9, 1 Kor. 6:10, Ef. 4:28, Op. 9:21 13 Lev. 24:11-16, 23, Matt. 12:22-32, 15:19-20, Luk. 12:9-10, Op. 13:1-9, 14:8-11, 17:1-9 14 Deut. 4:29, 6:5, 10:12, 11:13, 13:3-4, 26:16, 30:6, Jos. 22:5, Matt. 22:37-40 15 Eks. 18:21, 20:17, Deut. 5:21, Ps. 10:3, Miga 2:1-3, Mark. 7:21-23, Rom. 1:28-32, 13:8-9, 1 Kor. 5:9-11, 6:9-10, Ef. 5:1-5, Kol. 3:5-6, 2 Tim. 3:1-5, 2 Pet. 2:1-3, 12-14, 1 Joh. 2:15-17



HEMELENGELE SWEEF OOR ONS PLANEET

(Vervolg vanaf bladsy 3)

Met ander woorde, glo jy dat die wêreld 6,000 jaar oud is soos die HERE sê dit is, of glo jy die leuen dat die wêreld miljoene of biljoene jaar oud is soos die ateïste sê dit is? As jy leuens glo in plaas van GOD se WOORD, het jy sterk dwaling ontvang en is jy verdoem.¹⁶ Hopelik, vir jou onthalwe, is dit nie waar nie. As jy gered wil word en die ewigheid in die Hemel wil spandeer saam met GOD die VADER, die SEUN, en die HEILIGE GEES, saam met almal wat in GOD deur SY SEUN JESUS CHRISTUS glo, bid die volgende gebed:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.¹⁷ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.¹⁸ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.¹⁹ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,²⁰ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde

en hierdie gebed.²¹ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²² Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²³ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.²⁴ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.²⁵ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁶ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.²⁷

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.²⁸ Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel [die King James- weergawe] en wees gehoorsaam.²⁹

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan h verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir

meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê: “Sal h mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die Hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE” (Mal. 3:8-12).

16 Jes. 66:3-4, 2 Thes. 2:3-12 17 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 18 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 19 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 20 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 21 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 22 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 23 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 24 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 25 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 26 Heb. 11:6 27 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 28 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 29 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Bediening wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS

in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en audioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal.

As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Maart 2013 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer Maart 2013

AFRIKAANS—VOLUME 17700—HEAVENLY ANGELS HOVERING OVER OUR PLANET